HOOFSTUK 7: VERKENNERS

1. INLEIDING

Verkenners is jeuglede van *Die Voortrekkers* soos in hoofstuk 3 van die reglemente omskryf

2. ALGEMEEN

2.1 Spanstelsel

2.1.1 *Die Voortrekkers* gebruik die spanstelsel vir die uitvoering van sy werksaamhede. Dit beteken dat 'n aantal jeuglede verkieslik van dieselfde geslag (in dieselfde skoolgraad) in 'n span ingedeel word wat saam met 'n volwassene, verkieslik van dieselfde geslag (as 'n offisier) die voorgeskrewe werk deur gereelde (verkieslik weeklikse) spanbyeenkomste afhandel. Die stelsel het die voordeel dat die Verkenners in kleiner groepverband die geleentheid kry om mekaar te vorm en om met vrymoedigheid deel te neem.

2.1.2 Indien ‘n jeuglid buite die onmiddellike grense van ‘n Voortrekkerkommando met sy Voortrekkerwerk wil voortgaan moet dit geskied ooreenkomstig die bepalings in hoofstuk 19 van die reglemente.

2.2 Voorgeskrewe werk vir Verkenners

2.2.1 Graadwielwerk

Dit is werk wat jaarliks hanteer moet word om die Verkenner te lei dat hy aan die einde van sy Verkennerloopbaan voldoen aan die vereistes wat die doelstellings stel.

2.2.2 Spesialisasies

Dit is kentekens wat aanvullend tot die graadwielwerk gedoen kan word en bied 'n mate van spesialisering in die onderwerp, maar steeds binne die raamwerk van die doelstellings. Die Verkenner kies kentekens wat binne sy belangstellingsveld val. Die kentekens kan óf individueel óf in groepverband afgehandel word.

2.3 Literatuur

2.3.1 Verkennerlewe

a) Die Verkennerlewe is die handleiding wat al die Verkennerwerk behandel wat oor ‘n tydperk van vier jaar afgehandel moet word.
b) Dit bevat ook wenke wat die spanoffisier nodig het om die verskillende onderwerpe sinvol aan te bied.
c) Dit bevat die werk wat elke Verkenner moet deurwerk vir die suksesvolle voltooiing van die loopbaanplan ter voorbereiding vir die graad 12 proses om die toekenning, Hoofleierswag of Presidentverkenner te kan verwerf.

2.3.3 Spesialisasieboek *vir Verkenners*

Die Spesialisasieboek bevat die vereistes vir elke spesialisasie wat die Verkenner kan doen. Die Spesialisasieboek is so saamgestel dat dit maklik gebruik kan word ter verlenging met die aanbied van werk uit die Verkennerlewe.

2.4 Assessering

2.4.1 Elke kommando of betrokke liggaam bepaal die manier waarop die Verkenner se graadwielwerk en spesialisasies geassesseer word aan die hand van die riglyne soos in hoofstuk 10 van die reglemente omskryf.

2.4.2 Dit is belangrik dat elke Voortrekkerkommando verseker dat al die Verkenners in die Voortrekkerkommando Die Verkennerlewe elke jaar pligsgetrou deurwerk in die voltooiing van die Verkennerloopbaanplan ter voorbereiding vir die graad 12 proses om die toekenning, Hoofleierswag of Presidentverkenner te kan verwerf.

2.4.3 Dit is verpligtend dat alle kommando’s of los-veldkornetskappe toesien dat alle Verkenner spanne aan die einde van die betrokke jaar ‘n evaluering moet aflê en dit slaag om die betrokke jaar se graadwiel te verwerf.

2.4.4 Dit word aanbeveel dat soortgelyke metodes gebruik word vir die volledige proses van die graad 12 toekenning, Hoofleierswag of Presidentverkenner.

2.5 Erkenning dat 'n kenteken verwerf is

Die kommando of ander betrokke liggaam reik aan elke Verkenner 'n sertifikaat en kenteken uit nadat hy aan die vereistes vir die betrokke spesialisasie voldoen het. Die kenteken word op die voortrekkerdrag aangebring soos in hoofstuk 26 van die reglemente bepaal.

3. VERKENNERWERK

3.1 Verdeling van graadwielwerk

3.1.1 Verkennerlewe is saamgestel onder die volgende afdelings:

a) Inleiding
b) Voortrekkerwees
c) Afrikanerskap
d) Burgerskap
e) Christenskap

3.1.2 Daar is verskeie hoofstukke onder elke afdeling wat ‘n spesifieke aspek van Die Verkennerlewe volledig behandel. Elke hoofstuk is saamgestel onder die volgende opskrifte:

a) Doel
b) Uitkoms
c) Doenwenke
d) Slaggate
e) Volledige uiteensetting en inligting oor die spesifieke onderwerp.

3.2 Spesialisasies

'n Verkenner kan op enige stadium in sy/haar loopbaan aan spesialisasies werk en afhandel aan die hand van die voorskrifte in die Spesialisasieboek omskryf.

3.3 Spesiale toekennings

3.3.1 In graad 12 kan 'n Verkenner wat aan die voorgeskrewe minimum vereistes voldoen ook in aanmerking kom vir die Hoofleierswag- of Presidentverkennertoekenning.

3.3.2 Die Verkenner moet deur die betrokke bestuursliggaam aanbeveel en ingeskryf word onderworpe aan al die bepalings soos in die Verkennerprospektus omskryf.

3.3.3 Die Prospektus word jaarliks hersien en moet volledig voor 30 April van die Verkenner se Gr 11 jaar gepubliseer wees.